# SOUTH AFRICAN BIATHLON ASSOCIATION
# SUID-AFRIKAANSE TWEEKAMP VERENIGING

64 ERASMUS DRIVE, SUMMERSTRAND, PORT ELIZABETH, 6001 SOUTH AFRICA
TEL/FAX: +27 41 583 3561 E-MAIL: chriselm@lantic.net


**NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE SA TWEEKAMP VERENIGING GEHOU OP VRYDAG, 2 APRIL 2010 BY DIE VODACOMPARK VRYSTAAT ATLETIEKSTADION SE BEAMPTELOKAAL IN BLOEMFONTEIN.**

**1. OPENING EN VERWELKOMING:**
Die President, Regter Chris Jansen (CJ), verwelkom almal by die AJV van die SA Tweekampvereniging en open met 'n gebed.

**2. PRESENSIE:**
Die presensielys word aangeheg.

**3. DIE BEVESTIGING VAN DIE AFGEVAARDIGDES SE GELOOFSBRIEWE:**
Alle provinsies het hulle geloofsbriewe vooraf na die sekretaris gestuur – bevestig deur Blackie Swart (BS). Bevestig volgens die presensielys – 33 afgevaardigdes teenwoordig.

Gevolmagtigdes is vir sekere afwesiges (3) is skriftelik deurgegee soos op die presensielys aangedui.

Die President heet Anton Harrop-Allen, President van SA Vyfkamp, welkom by die vergadering.

**4. LEES VAN DIE KENNISGEWING WAT DIE AJV BELê:**
Die sekretaris, BS, lees die amptelike kennisgewing om die AJV te belê.

**5. VOORLEGGING EN BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE AJV GEHOU OP VRYDAG, 3 APRIL 2009 BY DIE DAL JOSAFATSTADION IN DIE PAARL:**
Die notule word as gelees beskou en word deur die vergadering bekragtig – voorgestel J vd Venter, gesekondeer M Vorster.

**6. VOORLEGGING, BESPREKING EN AANVAARDING VAN DIE PRESIDENT SE JAARVERSLAG:**
Regter Chris Jansen (CJ) lewer sy jaarverslag, soos wat ingebind is in die dokumente wat uitgedeel is.

Die volgende aspekte word uitgelig:
- 2 UB-vergaderings is volgens konstitusie gehou.
- Daar was twee klagtes oor swemdrag wat neerkom daarop dat daar nie met langbroeke geswem mag word nie.
- Die nuus wat vanaf provinsies ontvang word, word hoogs waardeer, maar daar kan meer deurgegee word. WP staan uit – alles word aan die President aangestuur.
- Daar word heelwat navrae ontvang van mense wat die webwerf besoek.
- Wat betref Internasionale Kompetisies, het baie van ons atlete onder die vaandel van SAMPA deelgeneem.

- J vd Venter het Chris Jansen gevra om SASCOC se vergadering op 10 April by te woon. Belangrike besprekings oor sport in SA sal plaasvind, ook lidmaatskap van sporte wat nie Olimpiese sportsoorte is nie. Archie Markgraaff sal namens SA Tweekamp die vergadering bywoon en ondersoek instel om aansoek te doen vir affiliasie.
- Anton Harrop-Allen hou 'n olyftak uit na SA Tweekamp om kragte saam te snoer. CJ neem kennis.
- Die Oudtshoorn Highgate Interprovinsiale byeenkoms is tans die tweede grootste interprovinsiaal na SA's en die noordelike provinsies word aangemoedig om spanne daarheen te stuur.
- Tewie van der Westhuizen noem dat hulle probleme met hulle swembad ondervind en dat atlete nie aan die begin van die seisoen wil deelneem nie.
- CJ vra dat atlete die geleentheid gegee moet word om na SA's te gaan.
- Daar word 'n DVD vir ontwikkeling vervaardig.
- Daar is nog geld beskikbaar vir ontwikkeling. Provinsies moet probeer om die sport meer verteenwoordigend te maak.
- Alle provinsies het hulle finansiële verpligtinge nagekom.
- Die nuwe rekenaarprogram moet nog finaal afgegee word, met klein verstellings (bv elektroniese inskrywings), daarna sal Gert Jordaan en Herman Ohlhoff alles oorneem met Johan Fourie (jnr) wat programmatiese veranderings sal maak.
- Multi-kode rekreasiesport 'rokkel' atlete af omdat dit nie so kompetisiegedrewe is nie.
- Provinsies word weer gevra om 'n skakel ('link') van hulle provinsiale webwerf na die SA Webwerf in te stel.
- Die inligting kan na Johan Hurter gestuur word.
- Pieter van Zyl voel dat sy bedoeling in 'n brief verdraai was – 'no contact' is genoem en nie inmenging in 'n provinsiale saak nie. Hy het slegs genoem dat daar geen kontak van die President en Vise-President was nie. CJ noem dat alles in skrywes uitgesorteer is.

Verslag aanvaar, met akklamasie: voorstel Tewie vd Westhuizen, sekondant AM.

**7. VOORLEGGING, GOEDKEURING EN AANVAARDING VAN DIE FINANSIëLE VERSLAG:**

Die ouditverslag is weer kosteloos gedoen deur Bezuidenhout en Steyn soos verteenwoordig deur Hans Jonker.

Alle provinsies het hulle finansiële verpligtinge nagekom en betaal. Die provinsies word versoek om 'n e-pos te stuur met bevestiging van betaling. Inkomste word verkry uit provinsiale registrasies. Die bedrag onder telefoon is drukkoste. 'Repair' is vir die maak van nuwe trofeë. Daar is R35 000 aan ontwikkeling spandeer. Die balans is R351 539,54, wat ongeveer R30 000 minder is as met die vorige verslag. Van hierdie bedrag, is ongeveer R 64 500 eie fondse.

Die finansiële verslag word aanvaar: voorgestel Dave vd Walt en gesekondeer Charel Blignaut, met dank aan GJ.

**8. MOSIES:**

**8.1. Honoris Causa toekenning – beleid en prosedure:**

Wat beleid vir toekomstige toekennings betref, word die volgende bewoording aanvaar: "*Honoris Causa-toekennings word in SA Tweekamp Uitvoerende Bestuur se diskresie toegeken op grond van uitstaande diens gelewer aan SA Tweekamp oor 'n lang tydperk, met spesifieke verwysing na administratiewe leiding en ondersteuning. Provinsiale besture en die UB kan persone nomineer met die nodige motiverings."*

Die woorde 'diens aan SA Tweekamp' is van kardinale belang. Tewie vd Westhuizen motiveer 'n aanbeveling wat hy deurgegee het. Word so aanvaar.

**8.2. Atlete met gestremdhede:**

*"Daar word aanbeveel dat atlete met gestremdhede by byeenkomste toegelaat word indien hulle beide aktiwiteite kan voltooi, binne redelike tyd en nie die gang van die byeenkoms (bv tyd) beïnvloed nie. Waar nodig, kan voorsiening gemaak word vir atlete met spesiale behoeftes, bv. by die wegspring vir atlete met gehoorgestremdhede. Sodanige atlete kan ook vir die Ontwikkelingspan by SA's oorweeg word." Word so aanvaar.*

**8.3. Aanpassing van registrasiegelde**

Huidiglik:

| | |
|---|---|
| ***Jaargeld***: minimum betaling: (minder as 100 atlete): (R500 + R500 (2 betalings) + R200 provinsiale registrasie) | **R1200** |
| ***Registrasie*** per atleet meer as 100 atlete: | **R10 /atleet** |
| ***Kapitalisering***: inskrywingsoorbetaling: Interprovinsiaal: | **R10 /atleet**<br>**R15 /atleet** |

Die volgende voorstel word aanvaar:

| | |
|---|---|
| **Jaargeld**: minimum betaling: (minder as 100 atlete): (R500 + R500 (2 betalings) + R500 provinsiale registrasie) | **R1500** |
| ***Registrasie*** per atleet meer as 100 atlete: | **R10 /atleet** |
| ***Kapitalisering***: inskrywingsoorbetaling: Interprovinsiaal: | **R15 /atleet**<br>**R20 /atleet** |

Voorgestel Coenie Slabbert, gesekondeer Wikus Weber.

**8.4. Vermeerdering van die aantal atlete per ouderdomsgroep by SA's**

CJ stel die mosie namens OP voor. Daar is 'n afname in getalle by SA's. Die huidige situasie is dat 4 atlete ingeskryf kan word, waarvan 3 tel. Die getalle by SA's was soos volg: PE 2005: 820 atlete, Boland 2009: 580 atlete, Bloemfontein 2010: 648 atlete.

Na ’n bespreking, word daar besluit dat die gasheerprovinsie 6 atlete per ouderdomsgroep en ander provinsies 5 atlete per ouderdomsgroep kan inskryf. Daar word verder besluit dat die nie-nakoming van die vereiste 30 dae kennis van verandering van die grondwet gekondoneer word en dat die nuwe reel as sodanig ingeskryf word.

Voorgestel Rassie Erasmus, gesekondeer Tewie vd Westhuizen.

**8.5. Ko-optering van ‘n Addisionele Lid**
Die President kan, na konsultasie met die Uitvoerende Bestuur, ’n Addidionele Lid op die Uitvoerende Bestuur ko-opteer waar dit nodig geag word om verteenwoordiging te bevorder. Dit word so aanvaar.

**9. ALGEMEEN**
Wikus Weber versoek dat die tye vir punte beskikbaar gestel word.
Dave vd Walt hou die Ontwikkelingsverslag voor soos uitgehandig.
Daar word weer bevestig dat slegs o/17 en hoër atlete vir die Ope ouderdomsgroep gekies mag word.

**10. VERKIESING VAN DIE BEAMPTES VAN DIE VERENIGING EN BYKOMSTIG GEKOSE LEDE VAN DIE UITVOERENDE BESTUUR:**

Die uitslae is soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| President: | Regter Chris Jansen | Onbestrede |
| Vise-President: | Archie Markgraaff | Onbestrede |
| Sekretaris: | Blackie Swart | Onbestrede |
| Tesourier: | Gert Jordaan | Onbestrede |
| Addisionele lede: | Dave vd Walt<br>Deon Velthuysen<br>Len Symington | Verkies met ‘n meerderheid van stemme |

11. **VERKIESING VAN ERELEDE:**
Geen

12. **VERKIESING VAN ‘N KEURKOMITEE VAN 3 LEDE:**
Verkies met ‘n meerderheid stemme:
Dave vd Walt, Deon Velthuizen en Archie Markgraaff.

13. **AANSTELLING VAN ERE-OUDITEURE VIR DIE VOLGENDE FINANSIëLE TERMYN:**
Bezuidenhout en Steyn, soos verteenwoordig deur Hans Jonker, word aanvaar as ouditeure.

14. **AANSOEKE ONTVANG: DATUM EN PLEK VAN DIE VOLGENDE JAARLIKSE KAMPIOENSKAPPE SOWEL AS INTERPROVINSIALE BYEENKOMSTE:**

Die SA Kampioenskappe word in 2011 deur Oostelike Provinsie aangebied – die datum sal binnekort bevestig word aangesien die Paasnaweek baie laat in April is – en in 2012 sal Griekwaland-Wes die SA’s in Kimberley aanbied.

Die res van die seisoen se bepalings is soos volg: (sien onder)

15. **AFSLUITING:**
Die President bedank Archie Markgraaff en sy komitee vir die reëlings ten opsigte van die 2010 SA Kampioenskappe en wens almal 'n voorspoedige kompetisie toe.

Die vergadering verdaag om 20:30

……………………………………………… ……………………………………………
**PRESIDENT** **SEKRETARIS**

……………………………………………… ……………………………………………
**DATUM** **DATUM**

**SA BIATHLON Annual programme for the 2010/11, 2011/12 seasons:**
**Inter Provincials and SA Championships**

| DATE of EVENT | CODE | VENUE | HOST PROVINCE | CONTACT |
|---|---|---|---|---|
| 2 October 2010 | Biathlon | Bloemfontein | Southern Free State | See 6 A Markgraaff |
| 3 October 2010 | Biathlo | Bloemfontein | Southern Free State | See 6 A Markgraaff |
| 16 October 2010 | Biathlon | Upington | Noordwes-Kaap | See 10 T Burger |
| 23 October 2010 | Biathlon | Pretoria | Gauteng North | See 5 J vd Venter |
| 23 October 2010 | Biathlon | Port Elizabeth | Eastern Province | See 7 C Jansen |
| 24 October 2010 | Biathlo | Port Elizabeth | Eastern Province | See 7 C Jansen |
| 6 November 2010 | Biathlon | Kroonstad | Noord-Vrystaat | See 9 T vd Westhuizen |
| 15 January 2011 | Biathlon | Nelspruit | Mpumalanga | See 1 B de Clerck |
| 5 February 2011 | Biathlon | Oudtshoorn | Highgate (WP org) | See 11 M Vorster |
| 6 February 2011 | Biathlo | Oudtshoorn | Highgate (WP org) | See 11 M Vorster |
| 20 February 2011 | Biathlon | Germiston | Central Gauteng | See 4 W Weber |
| **2 April 2011** | **Biathlon** | Port Elizabeth | **SA Championships** | See 7 C Jansen |
| **3 April 2011** | **Biathlo** | Port Elizabeth | **SA Championships** | See 7 C Jansen |
| ? - ? June 2011 | Biathlon | Oudtshoorn | Oudtshoorn Skolefees | See 2 D vd Walt |
| ? 1 October 2011 | Biathlon | Bloemfontein | Southern Free State | See 6 A Markgraaff |
| ? 2 October 2011 | Biathlo | Bloemfontein | Southern Free State | See 6 A Markgraaff |
| ? 15 October 2011 | Biathlon | Kimberley | Griekwas | See 8 R Erasmus |
| ? 22 October 2011 | Biathlon | Pretoria | Gauteng North | See 5 J vd Venter |
| ? 22 October 2011 | Biathlon | Port Elizabeth | Eastern Province | See 7 C Jansen |
| ? 23 October 2011 | Biathlo | Port Elizabeth | Eastern Province | See 7 C Jansen |
| ? 5 November 2011 | Biathlon | Kroonstad | Noord-Vrystaat | See 9 T vd Westhuizen |
| 14 January 2012 | Biathlon | Nelspruit | Mpumalanga | See 1 B de Clerck |
| ? 4 February 2012 | Biathlon | Oudtshoorn | Highgate (Bol org) | See 3 L Symington |
| ? 5 February 2012 | Biathlo | Oudtshoorn | Highgate (Bol org) | See 3 L Symington |
| ? 19 February 2012 | Biathlon | Germiston | Central Gauteng | See 4 W Weber |
| ? **7 April 2012** | **Biathlon** | Kimberley | **SA Championships** | See 8 R Erasmus |
| ? **8 April 2012** | **Biathlo** | Kimberley | **SA Championships** | See 8 R Erasmus |

**( ? = date not confirmed – province must please confirm)**

**1. MPUMALANGA BIATHLON ASSOCIATION**
*Bertie de Clerck* Cell 082 3789 358 e-mail bdc88@hotmail.com
**2. SOUTH WESTERN DISTRICTS BIATHLON ASSOCIATION**
*Dave van der Walt* Cell 082 7734 901 e-mail davesus@mweb.co.za / dave@oudhs.wcape.school.za
**3. BOLAND BIATHLON ASSOCIATION**
*Len Symington* Cell 082 875 2257 e-mail symingtonl@pvbm.co.za
**4. CENTRAL GAUTENG BIATHLON ASSOCIATION**
*Wikus Weber (wnd)* Cell 082 322 5276 e-mail Cathy_Weber@colpal.com & weber@tiscali.co.za
**5. GAUTENG NORTH BIATHLON ASSOCIATION**
*Johan van der Venter* Cell 083 268 2363 e-mail vdventer@mweb.co.za
**6. SOUTHERN FREE STATE BIATHLON ASSOCIATION**
*Archie Markgraaff* Cell 082 5583 567 e-mail dsat-bfn@iafrica.com
**7. EASTERN PROVINCE BIATHLON ASSOCIATION**
*Chris Jansen* Cell 082 787 2915 e-mail chriselm@lantic.net / chrjansen@justice.gov.za
**8. GRIEKWALAND-WES BIATHLON ASSOCIATION**
*Rassie Erasmus* Cell 083 650 7365 e-mail rassie@engelsman.co.za
**9. NORTHERN FREE STATE BIATHLON ASSOCIATION**
*Tewie vd Westhuizen* Cell 082 8477 499 e-mail eiwet@act.co.za
**10. NORTH WEST CAPE BIATHLON ASSOCIATION**
*Dawie Smit* Cell 082 770 7212 e-mail dawie@aristo-upt.co.za
**11. WESTERN PROVINCE BIATHLON ASSOCIATION**
*Marius Vorster* Cell 082 336 1575 e-mail wptweekamp@telkomsa.net